

Bron nr.
0 0 3 5

Datum
99/12/23-56

Onderwerp nr.
P

Knipsel nr.
11943

Beeld

Jg..... Nr..... P 3 Dat. 22 Dec, 1999

Sasria verseker dalk nie dié J2K-gevalle nie

Sasria-oproerversekering dek dalk nie voorvalle wat selfs net onregstreeks aan J2K verwant is nie.

Só sê mnr. Peter Klopper, besturende direkteur van die Suid-Afrikaanse Finansiële Dienste- Bemiddelaarsvereniging (SAFSIA, voorheen SAIBA).

"Ondanks ons onderhandelings met Sasria, wat die dekking verskaf, was hulle tot nog toe nie in staat om te bevestig dat dekking sal geld nie," het Klopper gesê.

"Só 'n situasie kan byvoorbeeld ontstaan as 'n maatskappy weens 'n J2K-probleem nie in staat is om besoldiging aan sy werknemers uit te betaal nie.

"Daar is uiteraard 'n risiko dat só iets kan gebeur en hoewel Sasria sê hulle sal elke saak volgens meriete hanteer, is ons beslis baie ontevrede met die situasie," het Klopper gesê.

Wat kommersiële dekking oor die algemeen betref, sê mnr. Rod Pearson van die tegniese afdeling van die make-lars Glenrand MIB dat versekeraars

beperkings kan toepas.

"As 'n verlies wat normaalweg deur jou polis gedek word byvoorbeeld net indirek aan J2K verwant is, kan die versekeraar besluit om nie op die eis te reageer nie."

Voorbeelde sluit in waar werknemers bedrog kan pleeg omdat gerekenariseerde beheerstelsels buite werking is, of waar defektiewe goedere vervaardig word of waar skade per ongeluk aangerig word, het Pearson gesê.

"Versekeraars se uitsluitings sê ook egter dat wanneer sekere verliese verwant is aan J2K, dekking wel sal geld mits sekere streng voorwaardes nagekom word.

Dit sluit in die aanstelling van rekenaarkonsultante.

"Die werklike uitsluiting kan verskil volgens verskillende kategorieë van dekking of tussen verskillende versekeraars, maar moenie aanneem dat daar noodwendig dekking gaan wees nie," het Pearson gesê.

TREFWOORDE

1

Sasria

2

Beskerming

3

Saona

4

Versekering

5

Verliese

6

Millennium bu

7

8

9

10